

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM – 2022-23 Boekjaar

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM: Jaarliks op 30 September.**

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

7.4

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:

HUMANSDORP

Titel van Projek:

Transkei Uitreik – Nyathi Buitepos, Lusikisiki

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Ben Jordaan
Posadres:	Nr 21, The Ridge, Carstensweg, Kamma Ridge, GQEBERHA.
E-pos:	bdjordan@telkomsa.net
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	083 655 6348
Selfoon:	081 270 7985



Handtekening Projekvoorsteller

27 September 2023

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____, dat hierdie projek op _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

--	--

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Uitreike oor die afgelope 20 jaar na Nyathi buitepos, in die Bambisana/Lusikisiki gebied in Transkei, bied aan lidmate die geleentheid om kruis-kultureel en buite hulle normale konteks die liefde van Jesus uit te dra by wyse van praktiese-en of bedieningshulp. Dit beteken vir hierdie lidmate geestelik baie en help hulle om hulle gawes te ontdek wat hulle baie maal nie in hulle eie kontekste ontdek nie. Daarmee saam word daar hande gevat met ds Bloro, die leraar in Lusikisiki wat 10 buiteposte, insluitend Bambisana en Nyathi, het om geestelik te bedien. Sedert Ds Bloro sy bediening in Oktober 2018 op Lusikisiki begin het, het die span uitstekende wedersydse verhoudings opgebou.

Met hierdie uitreike word die kerk in die groter Lusikisiki distrik versterk en ook 'n klein bydrae gemaak om armoede te verlig, liefde aan jong weeskinders te betoon en 'n verskil te maak deur die bou van wedersydse geestelike en oor kultuur-grens verhoudinge. Weens die Corona-virus-inperking moes ons die Julie 2020 en 2021 uitreik afstel. Ons kon wel persoonlike bydraes en donasies gebruik om weer gedurende Julie 2022 uit te reik ten einde 'n verskil te gaan maak. Ons het R3 600 aan bybels spandeer vir die uitreik, die Nyathi buitepos omhein asook 'n dubbele buite toilet opgerig vir gebruik deur toekomstige uitreikgroepe.

As die Here so wil, beoog ons om teen die einde van November 2022 weer 'n kort besoek aan Nyathi te bring, kersgeskenkies vir die kinders te neem, asook 'n bestekopname te maak van die onderhoudskoste benodig by die kerk op Lusikisiki om dit aan 'n moontlike donateur/borg voor te lê.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 5 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die langtermyn doelwit en visie van die Nyathi projek is die vestiging van 'n toegeruste basis vir 16 tot 20 persone op Nyathi, 24 km vanaf Lusikisiki en 12km van Bambisana. Dit kan dan gebruik word deur uitreikspanne van ons eie en ander gemeentes in die ring asook binne die Ooskaapse Sinodale gebied, om op gereelde reëlmaat in die Lusikisiki/Bambisana gebied maar ook wyer uitreike te onderneem. Sulke gereelde uitreike is noodsaaklik omdat die meeste plaaslike ex-Transkei gemeentes nie meer voltydse of selfs deeltydse leraars kan bekostig nie. Ons het gedurende 2019 agtergekom hoe wyd die grense van Ds Bloro se gemeente strek en hoe omvangryk die bedieningsnood daar is. Die Jeffreysbaai-gemeente is dan juis besig met 'n ondersoek na die moontlikheid om 'n radiosender te borg om kerkdienste vanuit Lusikisiki per radiogolf uit te saai. Die V GK gemeentes van Bambisana en Lusikisiki wat tans alleen deur ds Bloro bedien word sal grootliks by hierdie sender baat vind. Die fokus van ons uitreike is gerig op die ondersteuning van die geestelike bediening, die aanbied van kinderprogramme, huisbesoeke, Bybelverspreiding en die vertoon van Christelike films en videos.

Na die goeie verhoudings wat in 2019 met die uitreik gebou is, het Ds Bloro ons persoonlik weer genooi om te kom uitreik en was diep teleurgestel toe ons die uitreike van 2020 en 2021 weens Covid-19 moes afstel. Die deposito vir die wateraanleg na die Nyathi-bais is al in 2019 gedoen en die aanleg deur die Port St Johns Munisipale Owerheid is in Mei 2020 voltooi. Tans is die pomp wat die gebied bedien, buite werking. Ons beoogde kort besoek teen die einde van November 2022 sal, onder andere, fokus op die herstel van die pomp om weer water vir die Nyathi basis en inwoners te voorsien asook instandhouding van die standplaas by Nyathi se huis. Tans moet water vanaf Bambisana, 12 km ver, met groot moeite en koste aanry word.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Onderhoud/Instandhoudings-uitreik jaarliks aan die einde van November	5 dae – 1 week
Geestelike Uitreik een maal jaarliks gedurende die Junie/Julie skoolvakansie	10 dae – 2 weke

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Ben Jordaan	Sherwood NGK
Danie Greyling	Jeffreysbaai NGK - Paradysstrand
Ds Komatie van Niekerk	Jeffreysbaai NGK
Andrè Kok	Jeffreysbaai NGK
Willie Bezuidenhout	Kragga Kamma NGK
Katkisante en jongmense	Sherwood en Jeffreysbaai NGK

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Voertuie deur projekspan voorsien	3
Gasstowe by buitepos	2
Vrieskas by buitepos	1
Mikrogolf oond by buitepos	1
Stapelbeddens by buitepos	11
Matrasse by buitepos	22
Gasgeyser by buitepos	1
Watertenke by buitepos	2
Waterpompies by buitepos	2
Stoele by buitepos	30
Tafels by buitepos	2
Bankies by buitepos	6
Verskeie items kombuis toerusting by buitepos	~

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Spanlede se eie fondsinsamelings vir fondse – jaffelverkope, ens.	R 7 400
Spanlede – (R600 per persoon x 16 lede) – etes vir 10 dae	R 9 600
Donasies van gemeentelede	R 8 000
TOTAAL:	R25 000

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Brandstofkoste vir 3 voertuie	R16 500
• Opknapping van die basis se dak (± 22 Dakplate van 5.4m, dakskroewe, ens.)	R40 000
• Verblyfkoste	~
• Rekenaaruitgawes	~
• Skryfbehoeftes	~
• Drukwerk	R 500
• Telefoon	R 200
• Gasaankope	R 600
• Verversings	~
• ANDER (spesifiseer asb): Kos @ R600 per persoon (16 persone) vir 10 dae	R 9 600
Elektrisiteit en water	R 200
Bybels en lektuur	R10 000
Tolke x 2	R 2 400
<u>TOTAAL:</u>	<u>R80 000</u>

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R80 000
<u>MIN</u> Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R25 000
<u>TOTALE BEDRAG</u> waarvoor aansoek gedoen word:	<u>R55 000</u>

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
30 dae voor Uitreik – Bybelaankope en drukwerk	R10 000
15 dae voor Uitreik – Dakmateriaal	R 28 500
3 dae voor Uitreik – Brandstofvoorsiening& Diverse uitgawes (tolke, gas, ens)	R16 500
<u>TOTAAL:</u>	<u>R55 000</u>

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Geldinsamelingsprojek vir die uitbreiding van die onderdakruimte by die Nuyathi-basis vir kerkdienste, moontlike kleuterskool, 'n nasorgfasiliteit ens.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf